HUIS Mc FARLANE

DAGPROSEDURE

OGGEND

06:10 OPSTAANKLOK (X3)

Prefekte kontroleer of almal in hul vooggroepe opgestaan het. Almal staan dadelik op, volg badkamerroetine en trek ten volle (ook skoene en das) aan. Maak drommetjies leeg in groot swart drom en maak kamers netjies. Vee kamers uit en sit drommetjies voor deur in gang. **Kamer reeds uitgevee en drommetjie in die gang as stilteklok lui.**

06:38 WAARSKUWINGSKLOK (X2)

Besems by prefekte beskikbaar

Persone aan diens vee gange (Gr. 9's) volgens rooster. Almal sit op bed. **Alle kamers reeds 100% netjies.**

06:40 STILTETYD

ALLE Prefekte doen kontrole. Almal hou stiltetyd. Sit op eie bed en ten volle geklee. Niemand gesels nie – **geen selfone tydens stiltetyd nie. (Maandagoggende – nie stilte nie). Sit regop op jou bed of kniel. Hou kaste en deure oop vir inspeksie.**

06:45 ONTBYT

Vlaghysing (Gr. 9's) volgens rooster**.**

Tree aan voor eetsaal in volle skooldrag (skoolbaadjie nie verpligtend nie). **(Geen tops of pantoffels nie).** Staan netjies in rye – **absolute stilte. Seuns nie met hande in die sakke nie.**

- Gr 9's op grondvloer/1ste vloer se trappe
- Gr 10's in 1ste vloer se gang
- Gr 11's op 1ste/2de vloer se trappe
- Gr 12's in portaal voor eetsaal

Na ontbyt gaan leerders weer na kamers en maak gereed vir skool

07:10 WAARSKUWINGSKLOK (X2)

Verlaat koshuis

NB: Voordat jy jou kamer finaal verlaat, sorg dat waardevolle items toegesluit is en dat kaste gesluit is. Maak vensters toe, skakel ligte en alle ander elektriese aparaat af.

07:15 Almal uit die koshuis

Prefekte aan diens kontroleer gange en maak seker almal is uit.

MIDDAG

14:10 ETENSKLOK (X1)

Soos met ontbyt. Almal in volle skooldrag (soos wat jy van skool kom).
Tafelhoofde rapporteer aan diensonderwyser indien iemand nie by ete is nie.

15:00 - 17:00 Stilte in koshuis vir 1ste kwartaal

AAND

18:30 ETENSKLOK (X1)

19:10 WAARSKUWINGSKLOK (X2)

19:15 - 20:15 STUDIEKLOK (X1)

Neem alles wat jy vir die studiesessie nodig het na jou studieplek (soos per studieplan). Niemand sal toegelaat word om tydens studie rond te beweeg of enige iets op 'n ander plek te gaan haal nie.

Gedurende die eerste aandstudiesessie mag skootrekenaars op bespreking en op die aangewese plekke in die studiesaal gebruik word vir take.
Leerders wat in kamers studeer, mag nie rekenaars tydens studietye gebruik nie – hulle mag wel plek in die studiesaal vir hierdie doel bespreek. Geen komberse en kussings word in studiesale toegelaat nie.

Laat etes slegs tydens studiebreuk

20:40 WAARSKUWINGSKLOK (X2)

20:45 - 21:45 STUDIEKLOK (X1)

Soos eerste studie – geen rekenaars

21:00 KOSHUISDEURE SLUIT

AAND – NA STUDIE

Niemand kuier na studie in die voorportaal van die koshuis nie.

21:45 REGPAKKLOK (X1)

Kry kamers en kaste gereed vir inspeksie

Maak gereed vir laatstudie, loop jou laaste draaie, besoek badkamer.

NIE KUIER IN KAMERS

21:55 WAARSKUWINGSKLOK (X2)

Almal in kamers vir kamer- en kasinspeksie.

22:00 STILTETYD (X1)

Soos oggendstilte

22:10 LIGTE UIT (X1)

Skakel alle ligte af – prefekte sien toe dat badkamers, sale, portale en gange se ligte afgeskakel is.

Niemand verlaat hul kamers nie, behalwe diegene wat dadelik en direk studiesaal toe gaan vir laatstudie.

Leerders mag eers n 30 minute die badkamer besoek indien nodig.

Minimum studietyd vir laatstudie is 30 minute. **(Geen selfone)**

Laatstudie eindig 23:30

Beweeg saggies na laatstudie toilet toe (indien nodig).

Beweeg direk na jou kamer.

Maak deure saggies oop en toe. **Respekteer ander se slaaptyd**.